Hoe om meer van soogdiere te leer - kameelperde

Graad 1 tot 4

Gebruik kameelperde as tema vir ’n spanbyeenkoms – as deel van die Dierekennis-kenteken (Gr 4) of as die spannaam kameelperde is.

Onderwerp: Dierekennis, Kameelperde, Soogdiere

Stappe

1. **Wat is die definisie van ’n soogdier?**

   Soogdiere word lewend gebore (soos ’n mensbaba), drink aan sy ma totdat hy self kan vreet en word deur sy ma opgepas wat hom leer hoe om te oorleef.

2. **Interessante feite van kameelperde:**

   - Die kameelperd se naam is nie afgelei van ’n kameel en ’n perd nie, maar is ’n verafrikaansing van die Latynse woord camelopardus. Hierdie woord is ’n samestelling van kameel en luiperd. Luiperd verwys na die bruin vlekke op die kameelperd.
   - Die kameelperd is ’n herkouende soogdier.
   - Kameelperde is die langste van al die diere en kan tot ongeveer 5 m lank word.
   - Hulle verdedig hulself met hulle voorhoewe of bene en slaan mekaar met hulle lang nekke.
   - Kameelperde weeg ongeveer 1 500 kg en kan tot 50 km/h hardloop.
   - Kameelperde het ’n lewensduur van ongeveer 28 jaar.
   - Kameelperde lyk koddig wanneer hulle water drink. Hulle lang nekke lyk omtrent soos lang strooitjies waardeur hulle water opsuig! Hulle plant hulle voorbene wyd uitmekaar om hulle koppe naby die water te kan bring. Daar is spesiale kleppe in hulle bloedvate wat keer dat daar nie te veel bloed na hulle koppe gaan as hulle water drink nie, anders sou hulle dalk flou word wanneer hulle water drink.
   - Die kameelperd se hart is waarskynlik die mees kragtigste van alle diere, omdat omtrent dubbel die normale druk benodig word om die bloed in die kameelperd se lang nek na die brein op te pomp.

Stappe

3. **Jy benodig:**

3 hout wasgoedpennetjies

Stukkie karton

Oranje/bruin/geel/kakie-verf

Swart merkpen

Projekgom

Skêr

Spons



4. **Hoe om ’n kameelperdjie te maak:**

- Sny twee ovale ongeveer 7 cm lank en 5 cm breed uit die karton vir die kameelperd se lyf. Die ovale moet aanmekaar vas wees.
- Sny ’n langwerpige stukkie 1 cm breed en 5 cm lank om ’n kop vir die kameelperd te rol. Rol die kartonnetjie om jou pinkie. Plak die rolletjie se punte vas.
- Knyp twee pennetjies aan die een kant van die ovaal vas vir die bene.
- Knyp die ander pennetjie aan die ander kant vir die nek vas. Skuif die kop in die punt van die wasgoedpennetjie vas, sodat stukkies van pennetjie verbysteek vir ore.
- Verf wasgoedpennetjies en karton ligte geel of ’n kakiekleur.
- Druk met sponsie kolle van ’n donkerder bruin oral oor die kameelperd. Verf ook die pote se punte ’n donkerder kleur.
- Teken ogies en mond met ’n swart pen.

Wenke

1. Besprekingsvraag: Die natuur is in gevaar en as niemand iets daaraan doen nie, gaan baie meer diere uitsterf. Wat kan jy daaraan doen?